Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

## Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

### Interne reglement oor Dekaansvergunningsassesserings

1. Die Dekaan kan 'n (skriftelike of mondelinge) Dekaansvergunningsassessering aan 'n voorgraadse finalejaarstudent toestaan indien die student die helfte (of minder) van die krediete in 'n vak waarvoor die student in daardie jaar op eerste-, tweede-, derde- of vierdejaarsvlak geregistreer is, kort om 'n graad, diploma of sertifikaat te verwerf.
2. Die reglement oor Dekaansvergunningsassesserings word soos volg toegepas. In geval van:
   - 'n eksamenvak moes die student gedurende die betrokke akademiese jaar 'n prestasiepunt in die tersaaklike module(s) behaal het;
   - 'n module met buigsame assessering of waar die klaspunt as die prestasiepunt dien, moes die student gedurende die betrokke akademiese jaar 'n prestasiepunt van minstens 40% behaal het;
   - 'n jaarvak mag die agterstallige krediete nie die helfte van die vakkrediete op eerste-, tweede-, derde- of vierdejaarsvlak oorskry nie (tot en met 'n maksimum van 24 krediete) [met ander woorde 12 krediete op eerstejaarsvlak, 16 op tweedejaarsvlak, en 24 op derde- en vierdejaarsvlak].
3. Indien die ekwivalent van die "halwe vak" oor verskillende jare (en vakke) versprei is, kan die Dekaan die vergunning na eie goeddunke toestaan, op voorwaarde dat die maksimum getal eksamenvraestelle/assesseringsgeleenthede in so 'n geval nie twee oorskry nie (byvoorbeeld Sosiologie 212(8) en Politieke Wetenskap 354(12)).
4. Om vir die Dekaansvergunningsassessering in aanmerking te kom, moes die student die vak in die finale akademiese jaar gevolg en in een van die twee eksamengeleenthede gesak het. Geen Dekaansvergunningsassessering sal toegestaan word indien die student nie vir eksamentoelating gekwalifiseer het of indien die module gestaak is nie. Indien die student die Dekaansvergunningsassessering(s) slaag, kan 'n prestasiepunt van hoogstens 50% toegeken word.
5. Alle studente in 'n graadprogram in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe is onderworpe aan die Fakulteit se beleid oor Dekaansvergunnings, selfs al val die vak wat vir graaddoeleindes vereis word onder 'n ander fakulteit.
6. Die volgende modules is uitgesluit van Dekaansvergunningsassesserings:
   a) Departement Drama
      - Teatervaardighede 378 en 388
   
   b) Departement Musiek
      - Hoër Sertifikaat in Musiek
        - Orkespraktyk 191
        - Praktiese Musiekstudie A (alle modules)
      - Diploma (Praktiese Musiek)
        - Algemene Musiekleer 191

        - Musiekopvoeding 371
        - Orkespraktyk (alle modules)
        - Praktiese Musiekstudie A (alle modules)
        - Praktiese Musiekstudie S 221 en 261
    - BMus
        - Komposisie 379 en 479
        - Musiekopvoeding 178
        - Musiektegnologie 379 en 479
        - Orkespraktyk (alle modules)
        - Praktiese Musiekstudie A (alle modules)
        - Praktiese Musiekstudie E (alle modules)
        - Praktiese Musiekstudie S (alle modules)
        - Repertoriumstudie 389
        - Diensleer 496

c) Departement Visuele Kunste
    - Alle jaarmodules is uitgesluit van Dekaansvergunningsassesserings. Slegs die semestermodules van Elementêre Fotografie en Hulptegnieke kan vir 'n Dekaansvergunningsassessering oorweeg word.

**Dekaansvergunningseksamen(s) vir modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word:**

- Inligting oor studente wat aan die vereistes vir hierdie eksamens voldoen, sal teen ongeveer **25 Januarie 2023** aan die onderskeie departemente gestuur word.
- As jy vir die vergunningseksamen(s) kwalifiseer, sal die betrokke departement jou teen einde Januarie 2023 / begin Februarie 2023 direk skakel om jou van al die inligting oor die eksamen(s) te voorsien.
- Moet asseblief nie die departement op hierdie stadium kontak nie – hulle sal jou kontak, soos hierbo verduidelik.

**Dekaansvergunningseksamen(s) vir modules wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word:**

- As die module wat jy as 'n dekaansvergunningseksamen (DVE) moet skryf, onder die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe val, besoek asseblief hulle webwerf vir inligting rakende die assesseringsdatums en -tye**.**
- As jy twee modules in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gesak het, sal jy ongelukkig nie vir 'n vergunningseksamen kwalifiseer nie. Die rede vir hierdie beperking is dat die dekaansvergunningseksamen vir alle modules van daardie fakulteit op dieselfde dag en tyd geskryf word.

**Dekaansvergunningseksamen(s) vir modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word:**

- As jy twee modules gesak het – een in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en die ander in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe – kan jy dalk vir die dekaansvergunningseksamen kwalifiseer, afhangende van die DVE-beleid.
- In die geval van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, sal die betrokke departement jou direk kontak om die nodige reëlings vir die aflê van die dekaansvergunningseksamen te tref.

- Vir dekaansvergunningseksamens met betrekking tot ŉ module in die **Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**, **raadpleeg asseblief die fakulteit se webwerf**.

*Let asseblief daarop dat daar ŉ bedrag per module betaalbaar is wanneer ŉ dekaansvergunningseksamen toegestaan word. Die bedrag moet so gou moontlik by die kassiere in Blok A van die Sentrale Administrasiegebou betaal word. Die fooi sal outomaties teen jou rekening gehef word.*